



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

FEBRUARIE/MAART 2010

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 30

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Kandidate moet hulle antwoorde op die vraestel skryf.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
5. Die laaste bladsy van die vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag dit verwyder.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener waarneem.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT DIE KLANKAPPARAAT HANTEER

1. Die instruksies aan die persoon wat die klankapparaat hanteer, verskyn in raampies en 'n kleiner lettergrootte.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste aantal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word. Gee kandidate genoeg tyd tussen herhaalde snitte om hulle antwoorde te voltooi voordat die volgende snit gespeel word.
3. Die nommer van die snit moet altyd duidelik aangekondig word elke keer voordat dit gespeel word.
4. CD-spelers moet met batterye toegerus word om te verseker dat die klankvoorbeelde gedurende 'n kragonderbreking gespeel kan word.

NASIENTABEL

VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A			
1	2		
2	6		
SUBTOTAAL	8		
AFDELING B			
3	4		
4	8		
SUBTOTAAL	12		
AFDELING C			
5	10		
SUBTOTAAL	10		
GROOTTOTAAL:	30		

AFDELING A: GEHOOR**VRAAG 1: RITME**

Snit 1 (moet drie keer gespeel word)

Luister na die agtmaatuitreksel uit *The Gallop* uit die *William Tell Overture* deur Gioacchino Rossini (1792 – 1868) wat drie keer gespeel sal word.

- 1.1 Terwyl jy luister, vergelyk ELK van die volgende musiekvoorbeelde met die klanksnit. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die musiekvoorbeeld wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor.

1.1.1

VRAAG 2: DIKTEE EN KADENSE

- Snit 2 (moet vier keer gespeel word) en Snit 3 (moet drie keer gespeel word)
- Wag \pm 3 minute vir kandidate om die vrae te lees en te bestudeer.
- Gee kandidate genoeg tyd tussen die herhalings van die musiekuittreksels om die antwoorde te voltooi.

Bestudeer die vrae hieronder. (Jy het 3 minute.)

Speel Snit 2 vier keer.

- 2.1 Luister na die uittreksel en kyk na die notasie hieronder. Voltooi die ontbrekende note in maat 2 en 3 met die korrekte toonhoogte en ritme. Solfanotasië mag gebruik word.

Die Forelle (1817) deur Franz Schubert

In ei-nem Bäch-lein hel-le da schoss in fro- her- Eil'

(4)

- 2.2 Luister na die volgende uittreksel terwyl jy die notasie van die twee musiekvoorbeelde hieronder volg.

Speel Snit 3 drie keer.

- 2.2.1 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die musiekvoorbeeld wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor.

Musiekvoorbeeld 1

Klavierkwintet (Trout/Forelle) deur R Schubert

Musiekvoorbeeld 2

Klavierkwintet (Trout/Forelle) deur R Schubert

- 2.2.2 Identifiseer die kadens waarmee die uittreksel eindig.

Antwoord: _____

(1)

(1)
[6]

TOTAAL AFDELING A:

8

AFDELING B**VRAAG 3: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPE**

- Wag 3 minute terwyl die kandidate die vrae lees en bestudeer.
- Speel Snit 4 en 5 een keer.
- Gee kandidate genoeg tyd om die antwoorde te voltooi.
- Speel Snit 4 en 5 nog 'n keer.

Luister na die twee weergawes van *Summertime*. Die eerste weergawe is die oorspronklike weergawe wat deur George Gershwin gekomponeer is. Dit sal gevolg word deur 'n ander weergawe deur Miles Davis ('n bekende jazztrompetspeler) wat in 1958 opgeneem is.

Vergelyk die verskille tussen Snit 4 en Snit 5 volgens die musiekkenmerke in die eerste kolom in die tabel hieronder.

Musiekkenmerke	Snit 4 Oorspronklike weergawe	Snit 5 Miles Davis-weergawe
Tempo		
Harmonie en toonhoogte		
Instrumentasie		
Melodiehantering		

(4)

VRAAG 4

- Gee die kandidate ten minste 3 minute om die instruksies hieronder te lees.
- Speel Snit 6 tot 18 (elke snit moet slegs een keer gespeel word).
- Wag \pm 2 minute na elke snit.
- Kondig die nommer van die snit aan voordat dit gespeel word.

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

- Luister na Snit 6 tot 18.
- Kies enige VIER snitte terwyl jy luister.
- Dui jou VIER keuses aan deur 'n kruisie (X) op die snitnommer te trek.
- Beantwoord die vrae wat op die VIER snitte wat jy gekies het, gebaseer is.

EEN PUNT PER KORREKTE ANTWOORD4.1 Snit 6

4.1.1 Identifiseer die styl van die musiek.

Antwoord: _____

4.1.2 Noem die kunstenaar wat in hierdie uittreksel optree.

Antwoord: _____ (2)4.2 Snit 7

4.2.1 Vir watter tipe ensemble is hierdie musiek gekomponeer?

Antwoord: _____

4.2.2 Noem 'n moontlike komponis van hierdie uittreksel.

Antwoord: _____ (2)4.3 Snit 8

4.3.1 Maak 'n kruisie (X) oor die naam van die Suid-Afrikaanse kunstenaar met wie jy hierdie musiek assosieer.

Miriam Makeba	Steve Hofmeyer
Lucky Dube	Louis Mhlanga

4.3.2 Die stem word begelei deur 'n herhaalde patroon wat ... genoem word. (Maak 'n kruisie (X) oor die korrekte antwoord.)

polifonie	ostinato	Alberti-bas	gebroke akkoorde
-----------	----------	-------------	------------------

(2)

4.4

Snit 9

4.4.1 Identifiseer die styl van die werk.

Antwoord: _____

4.4.2 Noem die komponis van hierdie werk.

Antwoord: _____

(2)

4.5

Snit 10

4.5.1 Luister na Johann Strauss se *The Radetzky March*.

Noem die instrument(e) wat hoofsaaklik die volgende melodie speel:



Antwoord: _____

4.5.2 Noem die instrument(e) wat jy hoor wanneer die volgende melodie begin:



Antwoord: _____

(2)

4.6 **Snit 11**

4.6.1 Identifiseer die styl van hierdie musiek.

Antwoord: _____

4.6.2 Noem die kunstenaar/sanger(es)/persoon wat in hierdie uittreksel optree.

Antwoord: _____ (2)

4.7 **Snit 12**

4.7.1 Met watter musiekstyl assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: _____

4.7.2 Omkring die instrument wat 'n belangrike rol in hierdie werk speel.

kitaar	penniefluitjie	blokfluit	fluit
--------	----------------	-----------	-------

 (2)4.8 **Snit 13**

4.8.1 Identifiseer die stylperiode waarin hierdie werk gekomponeer is.

Antwoord: _____

4.8.2 Noem 'n komponis verteenwoordigend van hierdie styl.

Antwoord: _____ (2)

4.9 **Snit 14**

4.9.1 Identifiseer die styl van hierdie musiek.

Antwoord: _____

4.9.2 Noem die groep/kunstenaar wat in hierdie uittreksel optree.

Antwoord: _____ (2)

4.10 **Snit 15**

4.10.1 Noem die styl/genre van hierdie musiek.

Antwoord: _____

4.10.2 Watter instrument is prominent in die inleiding?

Antwoord: _____ (2)

4.11 **Snit 16**

4.11.1 Identifiseer die styl van hierdie musiek.

Antwoord: _____

4.11.2 Noem die groep wat in hierdie uittreksel optree.

Antwoord: _____ (2)4.12 **Snit 17**

4.12.1 Hierdie is die begin van die tweede beweging van 'n werk met vier bewegings. Watter tipe werk is dit?

Antwoord: _____

4.12.2 Beskryf die tekstuur van die twee openingsmate.

Antwoord: _____ (2)4.13 **Snit 18**

4.13.1 Identifiseer die titel van hierdie musiek.

Antwoord: _____

4.13.2 Met watter werk assosieer jy hierdie uittreksel?

Antwoord: _____ (2)
[8]**TOTAAL AFDELING B: 12**

AFDELING C: VORMLEER**VRAAG 5**

Snit 19 (moet drie keer gespeel word)

Lees deur die vrae en luister na *Who is Sylvia?* deur F Schubert. (Die notasie van die klavierinleiding en -begeleiding is weggelaat.)

Luister vir die eerste keer na Snit 19 en volg die Duitse teks.

Luister vir die tweede keer na Snit 19 en volg die Engelse teks.

DUITSE TEKS	ENGELSE TEKS (Die oorspronklike taal van die teks, wat ook by Schubert se verwerking pas)
<p>Was ist Silvia, saget an, Daß sie die weite Flur preist? Schön und zart seh ich sie nahn, Auf Himmelsgunst und Spur weist, Daß ihr alles untertan.</p> <p>Ist sie schön und gut dazu? Reiz labt wie milde Kindheit; Ihrem Aug' eilt Amor zu, Dort heilt er seine Blindheit Und verweilt in süßer Ruh.</p> <p>Darum Silvia, tön, o Sang, Der holden Silvia Ehren; Jeden Reiz besiegt sie lang, Den Erde kann gewähren: Kränze ihr und Saitenklang.</p>	<p>Who is Silvia? What is she, That all our swains commend her? Holy, fair, and wise is she; The heaven such grace did lend her, That she might admirèd be.</p> <p>Is she kind as she is fair? For beauty lives with kindness. Love doth to her eyes repair, To help him of his blindness, And, being helped, inhabits there.</p> <p>Then to Silvia let us sing, That Silvia is excelling; She excels each mortal thing Upon the dull earth dwelling: To her let us garlands bring.</p>

Luister vir die derde keer na Snit 19 en volg die partituur hieronder. Luister aandagtig na die klavierbegeleiding wat in die skeletpartituur hieronder weggelaat is.

Who is Sylvia?

F Schubert

- 5.1 Luister na die klavierinleiding van hierdie lied. Die notasie is weggelaat in die gegewe skeletpartituur. Uit hoeveel mate bestaan hierdie inleiding?

Antwoord: _____ (1)

- 5.2 In watter periode is die werk gekomponeer? Maak 'n kruisie (X) oor die korrekte antwoord.

Romantiese periode	Barokperiode	Impressionistiese periode	(1)
--------------------	--------------	---------------------------	-----

- 5.3 In watter vorm is hierdie werk? Maak 'n kruisie (X) oor die korrekte antwoord.

deurgekomponeerde vorm	drieledige vorm	strofiese vorm	(1)
------------------------	-----------------	----------------	-----

5.4 Gee 'n skematiese uiteensetting van die vorm van hierdie werk.

(3)

5.5 Watter komposisietegniek hoor jy by (a)?

verkleining	sekwens
-------------	---------

(1)

5.6 Watter komposisietegniek word by (b) gebruik?

versiering	herhaling
------------	-----------

(1)

5.7 Watter komposisietegniek hoor jy by (c)?

sekwens	melodiese herhaling	omkering	vergroting
---------	------------------------	----------	------------

(1)

5.8 Wat sal die toonsoort van die werk wees as dit 'n mineur derde laer vir altstem getransponeer word?

Antwoord: _____

(1)

TOTAAL AFDELING C: 10

GROOTTOTAAL: 30

